Gestruktureer vir sukses

# PROFIEL
## 2018/19

NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# DIE GROTER PRENTJIE

## Suid-Afrikaanse HOËRONDERWYSLANDSKAP

**26**
**Openbare hoëronderwysinstellings in SA**

**6**
**Omvattende universiteite**

**14**
**Tradisionele universiteite**

**6**
**Universiteite van tegnologie**

**Noordwes-Universiteit (NWU)** Een van die tradisionele universiteite in SA

**Universiteite Suid-Afrika**
Beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstellings



# Inhoud


02 Ontsluit die toekoms

03 Waar drome waar word

04 Waar dit gebeur

05 Wie laat dit gebeur?

08 Kolskoot vir uitnemendheid: hier gaan ons!

09 'n Akademiese keurspel

10 Kritieke vaardighede vir die land

12 Die wêreld is ons verhoog

14 Maak 'n verskil vir ons bure

15 Hoe groener, hoe beter

16 Innoveer die toekoms

17 Hartklop van die NWU: ons fakulteite

26 Kennis ken geen grense

27 Ons skep afgeronde studente

31 Gee verbeelding en voete vlerke


*(Let asseblief daarop dat alle 2018-syfers voorlopig was omdat die finale ouditering nog nie afgehandel was nie.)*

# ONTSLUIT DIE TOEKOMS

## Die gees van die universiteit

Ons weerspieël die diepste wese van die universiteit in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Dit is sigbaar in alles wat ons doen: of ons nou klasgee, navorsing doen, sport beoefen, die studentelewe woema gee, of 'n impak op ons gemeenskappe maak.

Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir ons mense te ontsluit, is onder meer die volgende:

- Ons fokus op internasionalisering (p12-13)
- Ons fakulteite (p17-25)
- Ons uitsonderlike programme (p17-25)
- Ons entrepreneuriese leer (p17-25)
- Ons afstandsleervermoë (p26)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (p31-33)

## NWU-logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## Slagspreuk

It all starts here | Dit begin alles hier | Gotlhe go simologa fano

# WAAR DROME WAAR WORD

## ’n Verenigde instelling

Ons is daartoe verbind om ’n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit te wees wat billikheid, regstelling en globaal mededingende onderrig en navorsing op al ons kampusse moontlik maak.

## Ons strategie

Ons wil die NWU transformeer en posisioneer as ’n unitêre instelling van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met ’n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.

## Ons droom

Om ’n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ’n sorgsaamheidsetiek.

## Ons doelwit

Om uit te blink in innoverende leer en onderrig en baanbrekersnavorsing, om so die gemeenskap deur kennis te dien.

# WAAR DIT GEBEUR…

Ons kernaktiwiteite, onderrig-leer en navorsing, is vervleg met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie in ons agt fakulteite waarvan die meeste vir kontak- én afstandstudente voorsiening maak.




## …met die volgende in gedagte

Ons wil personeel en studente lewer wat betrokke is en waardes het wat gebaseer is op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid:

- Etiek in alles wat hulle doen
- Akademiese integriteit
- Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing
- Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid
- Entoesiasme oor diversiteit

# WIE LAAT DIT GEBEUR?

## Leiers wat voor loop

**Adjunk-visekanselier:**
Onderrig en Leer

**Adjunk-visekanselier:**
Navorsing en Innovasie

**Hoof en Visekanselier**



**Prof Dan Kgwadi**
*Hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte wat aan die NWU-Raad verantwoording doen vir die universiteit se algehele prestasie.*

**Die adjunk-visekanseliers op die kampusse is verantwoordelik vir kampusbedrywighede en ander toegewese funksies.**

**Adjunk-visekanselier (Mafikengkampus)**

**Adjunk-visekanselier (Potchefstroomkampus)**

**Adjunk-visekanselier (Vaaldriehoekkampus)**

**Benewens die registrateur is daar vier uitvoerende direkteure.**

**Registrateur**

**Uitvoerende Direkteur:**
Finansies en Fasiliteite

**Uitvoerende Direkteur:**
Mense en Kultuur

**Uitvoerende Direkteur:**
Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking

**Uitvoerende Direkteur:**
Studentelewe

*Ons het agt fakulteite.*

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Gesondheidswetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Ingenieurswese

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Geesteswetenskappe


**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Opvoedingswetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Regte

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Teologie

# ’n Wenspan wat woeker

## Ras- en geslagsamestelling van NWU-personeel *2018





*(2018-syfers is nie finaal nie)*

| So bemagtig ons mense | |
|---|---|
| Swart uitvoerende direkteure (as % van al die uitvoerende direkteure) | 48% |
| Vroulike uitvoerende direkteure (as % van al die uitvoerende direkteure) | 10% |
| Swart personeel (as % van al die personeel) | 44,5% |
| Vroulike personeel (as % van al die personeel) | 55% |


# Baanbrekers wat na kennis streef

## Navorsingstelkaart

- 2 609,64 geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2016
- 1 148,39 artikelekwivalente gepubliseer in 2016
- 215 postdoktorale genote in 2017




*Tussen 2013 en 2017 het die aantal PhD's wat toegeken is, met 41,6% gestyg.*




*Die getal NNS-gegradeerde navorsers het van 169 in 2013 tot 229 in 2017 toegeneem.*

## Bou navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeel aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## Werf nagraadse studente

Ons verbreed ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. Die aantal internasionale nagraadse studente het toegeneem vanaf 1 844 in 2015 tot 1 871 in 2017.

# KOLSKOOT VIR UITNEMENDHEID: HIER GAAN ONS!

## Ons taalbeleid is uniek

In ooreenstemming met ons meertalige beleid wil ons die akademiese status van die vernaamste Afrikatale van die streke waarbinne ons kampusse geleë is (Setswana en Sesotho) bevorder.

Daarby handhaaf ons ook Engels en Afrikaans as ons huidige onderrigtale.

Om hierdie meertalige doelwitte te bereik, sal ons alle taalhulpbronne gebruik wat tot die beskikking is van ons personeel en studente wat wyd uiteenlopende taalvermoëns het.

Ons uiteindelike doel is uitenemende onderrig-leer – iets wat ons sal bereik deur die studente-ervaring te verbeter. Dit sluit in dat ons enige tale verwelkom wat studente na die universiteit toe bring.

Om hierdie rede sal ons voortgaan om die volgende onderrigmediums te gebruik: enkelmedium (Engels, Afrikaans, Setswana en Sesotho), parallelmedium, dubbelmedium en opvoedkundige tolking.

Ons sal ook transtaling gebruik. Dit beteken dat die verskillende taalhulpbronne wat studente en dosente na die klaskamer toe bring, geakkommodeer word.

Taalfasilitering sal dan op verskeie maniere plaasvind, insluitende opvoedkundige tolking en vertaling.

Uiteindelik sal dit ons studente help om onderrig-leer-inhoud beter te bemeester, te internaliseer en weer te gee – en hulle sal dit in meer as een taal kan doen.



# ’N AKADEMIESE **KEURSPEL**

**By die NWU kry studente veel meer as ’n opvoeding: ons gee aan hulle ’n plek in die wêreld.** Ons bied ’n groot verskeidenheid akademiese programme aan waaruit studente kan kies en keur. Dit help hulle om hul volle potensiaal te verwesenlik en hul loopbane te begin ontwikkel.

## Onderrig-leer-telkaart

Ons het ons studente-inskrywings, slaagsyfers en aantal toegekende kwalifikasies aansienlik verhoog sedert 2004, toe die NWU tot stand gebring is.

**56%** Totale groei

**Studente ingeskryf**
2004 → 2017
40 145 → 62 558

**Kwalifikasies toegeken**
2004 → 2017
9 657 → 16 004

**66%** Totale groei

**9%** Totale groei

**Voorgraadse slaagsyfer**
2005 → 2017
78,02% → 85,08%

**PhD’s toegeken**
2004 → 2017
87 → 235

**170%** Totale groei

## Slaagsyfers en kwalifikasies toegeken van 2013 tot 2017

’n Vergelyking tussen die syfers van die afgelope vyf jaar skets ’n meer onlangse prentjie:

| | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse slaagsyfer | 85,1% | 86,1% | 85,1% | 86,16% | 85,08% |
| Graadverwerwings-koers | 25% | 24,1% | 24,3% | 27,62% | 25,6% |
| Grade en diplomas toegeken | 15 464 | 15 254 | 15 597 | 17 510 | 16 004 |
| Meestersgrade toegeken | 781 | 746 | 742 | 744 | 813 |
| PhD’s toegeken | 168 | 171 | 222 | 238 | 235 |

# KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR DIE LAND

Deur kontak- en/of afstandsonderrig en die gebruik van gepaste tegnologieë vir onderrig-leer bied die NWU 'n reeks kwalifikasies en akademiese programme aan wat fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede.

## Onderwysers

In 2017 het die NWU 7 707 opvoedkunde-graduandi gelewer wat via kontak- of afstandsonderrig studeer het. Ons onderrig en lei tegniese onderwysers op (meganiese, siviele en elektriesetegnologie-onderwys) na wie daar 'n groot aanvraag bestaan. Dit geld ook vir graad R-onderwysers en onderwysers in die kritieke vakgebiede van wiskunde- en natuurwetenskap-onderwys. Verder bied ons ook 'n BEdHons in liggaamlike opvoeding aan omdat daar te min lewensoriënteringsonderwysers is wat goed opgelei is om liggaamlike opvoeding aan te bied.

## Rekenmeesters

Om werk te maak van die tekort aan rekenmeesters, bied ons vier professionele rekeningkundegrade op honneursvlak aan. (Dit is forensiese, geoktrooieerde, bestuurs- en finansiële rekeningkunde.) Die NWU is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiserings op voorgraadse vlak én op honneursvlak aanbied.

Ons bied meestersgrade aan in broodnodige spesialiserings (byvoorbeeld belasting) en 'n PhD met programme in kritieke navorsingsareas soos onder meer forensiese rekeningkunde en belasting.

Die NWU vaar deurgaans besonder goed in die eksamens van die SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters.

## Toerisme

Om die tekort aan goed gekwalifiseerde toerismebestuurders in Suid-Afrika te ondervang, bied ons BA-, BCom- en BSc-grade aan wat aan die behoeftes van die bedryf voldoen. Toerisme word beskou as een van die industrieë wat die vooruitsigte van SA in die komende jare kan verander.

## Wiskundiges en natuurwetenskaplikes

Ons bied 'n aantal voor- en nagraadse kwalifikasies in die kritieke vakgebiede van wiskunde en natuurwetenskappe aan. Dit sluit in bedryfswiskunde en informatika, met spesialiserings in besigheidsanalise, kwantitatiewe risikobestuur en finansiële wiskunde.

## Taalpraktisyns

In meertalige en multikulturele Suid-Afrika is gespesialiseerde vaardighede vir vertaling, teksredigering, tolking, oudiovisuele vertaling (subtitel-werk en oudiobeskrywing vir blindes) en gebaretaal van onskatbare waarde.

Ons bydrae sluit in onderrig en opleiding in taalpraktyk. Ons ontwikkel ook gespesialiseerde navorsingsvaardighede en bied opleiding aan in gevorderde navorsingsmetodes vir taalpraktyk. (Voorbeelde is korpusanalise, oogvolging en sleuteldrukvaslegging, aangebied op voor- en nagraadse vlak slegs deur die NWU.)

## Ingenieurs

Om werk te maak van die tekort aan ingenieurs in Suid-Afrika bied ons kwalifikasies aan wat verskyn op die regering se lys van vaardighede waarvoor daar 'n groot aanvraag bestaan. Ons bied spesialiserings aan wat wissel van chemiese ingenieurswese (insluitende mineraalverwerking) en elektromeganiese ingenieurswese tot meganiese en bedryfsingenieurswese.

Die Fakulteit Ingenieurswese fokus daarop om ingenieurs en navorsers vir geïntegreerde energie-oplossings toe te rus.

## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op wat 'n baie belangrike rol speel, omdat daar so 'n groot tekort aan professioneel gekwalifiseerde veeartse in Suid-Afrika is.

## Transdissiplinêre gesondheid

Ons MHSc in transdissiplinêre gesondheidsbevordering bemagtig studente om oor verskeie dissiplines heen navorsing te doen oor welstand in gemeenskappe. Dit rus hulle toe met die vaardighede wat nodig is in 'n land met komplekse gesondheidsuitdagings.

## Aptekers

Die Skool vir Farmasie is tans die enigste verskaffer van kortkursusse wat dit vir aptekers moontlik maak om te registreer as primêresorg-geneesmiddelterapie-aptekers wat pasiënte kan ondersoek, siektes kan diagnoseer en medisyne kan voorskryf.

# DIE WÊRELD IS **ONS VERHOOG**

Deur wêreldwyd saam met ander universiteite en instansies te werk, is ons aktief besig om die NWU internasionaal te posisioneer. Aktiwiteite wat hiertoe bydra is onder meer uitruilprogramme vir studente en personeel en samewerking wat akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede betref.

In 2017 het ons 3 224 studente van meer as 77 lande gehad. Onder hulle was daar 1 871 nagraadse studente, insluitende 509 doktorale kandidate.

**Vat hande tuis en elders**

Die NWU het betrekkinge met baie universiteite en ander entiteite in die buiteland en in Suid-Afrika. Hier is 'n paar voorbeelde:

## Buitelandse universiteite

- Universiteite in België: Katholieke Universiteit Leuven, Universiteit Antwerpen, Thomas More, Limburg-Leuven, Hasselt Evangelische Theologische Faculteit.
- Universiteite in Nederland: Tilburg, Leiden, Apeldoorn, Driestar University of Teacher Education, Twente, Vrije Universiteit, Nyenrode Business University, Utrecht, Technische Universiteit Delft.
- Universiteite in Duitsland: Humboldt, Hochshule Zittau/Görlitz, Justus Liebig, Potsdam, Katholische Hochschule Freiburg, Duisberg-Essen, Heide University of Science, Northern Business School, Rheinisch-Westfälische Technische Hochschule Aachen, Fachhochschule Aachen, Technische Hochschule Köln.
- Universiteite in die VSA: Florida Atlantic, Florida State, Virginia Tech, San Houston State University, Dayton, Georgia State, Macalester College, Stanford, South Florida, Minnesota, Georgia, Texas A&M.
- Universiteite in die Verenigde Koninkryk: Warwick, Coventry, Brighton, Oxford, Westminster, Birmingham, London School of Economics.
- Voorts het die NWU verhoudings met universiteite in Malawi, Namibië, Zimbabwe, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Suid-Korea, Griekeland, Finland, Switserland, Frankryk, Thailand, Roemenië, Swede, Australië, Chili, Indië, Brasilië, Denemarke, Kanada, China, Italië, Japan, Maleisië, Mauritius, Portugal en Oostenryk.

## Internasionale liggame

- Verenigde Nasies se Omgewingsprogram / Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO) / Bevolkingsfonds
- Verenigde Nasies Konferensie oor Handel en Ontwikkeling (UNCTAD)
- Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO)
- Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU)
- Botswana Investment and Trade Centre (BITC)
- International Growth Centre (IGC)
- Vereniging van Geoktrooieerde Rekenmeesters (ACCA)
- Population Health Research Institute (Kanada)
- USAID
- Instituto Bíblico Português in Portugal
- Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes (CENQAM®)
- Zambian Medicines Regulatory Authority (ZAMRA)
- Internasionale Ontwikkelingskorporasie (IOK)
- Washington-verdrag
- Wêreldbank
- Vereniging vir Energie-ingenieurs (internasionale liggaam)

- India Tea Research Association
- BRICS: Akademiese Forum, Universiteitsnetwerk en "Council of Exercise and Sport Science"
- Europese Unie
- Vlaamse Interuniversitaire Raad (VLIR), België
- Europese Wetenskaplike Instituut
- The World Academy of Sciences (TWAS)
- World Association of Young Scientists
- Internasionale Sentrum vir Handel en Volhoubare Ontwikkeling (ISHVO)
- Wêreldhandelsorganisasie
- Wêreldgesondheidsorganisasie
- Die Institute National Polytechnique Toulouse (INPT), Frankryk
- Internasionale Vereniging vir Kognitiewe Onderwys en Sielkunde (IACEP)
- Elektrisiteitsreguleerders van die SAOG-lande
- Wêreldfietsrysentrum-satelliet Afrika
- Intra Africa Mobility Scheme EACEA-07-2016 PAN-AFRICAN-program
- SAS Analise, Besigheidsintelligensie- en Databestuur
- Internasionale Vereniging vir Spraakkommunikasie (ISCA)
- Internasionale Vereniging vir Projekbestuur (IPMA)
- • American Podiatric Medical Student Association (APMSA)

## Die Suid-Afrikaanse industrie

- Absa Bank
- Landbank
- Denel
- Sasol
- Growthpoint
- Siemens
- Big Concerts
- Top Talent Solutions
- Afriforte (Pty) Ltd
- Johannesburgse Dieretuin
- Meraka-instituut van die WNNR
- Absorbatox (Pty) Ltd
- dermaV pharmaceuticals (Pty) Ltd
- Fresenius-Kabi
- Suid-Afrikaanse Inkomstediens
- Sasol-Inzalo
- Nasionale Kernreguleerder (NKR)
- iThemba Laboratories
- Puregas
- ArcelorMittal
- Anglo American
- BHP Billiton
- Pharma24 (Pty) Ltd
- IDEXIS (Pty) Ltd
- Eskom
- Necsa
- Hatch
- Idwala
- Lonmin
- Hydrox
- Johnson-Matthey
- Geotron
- Standard Bank SA
- Armscor
- Mphebatho-museum
- Eskom
- Necsa
- Hatch
- Idwala
- Lonmin
- Hydrox
- Johnson-Matthey
- Geotron
- Standard Bank SA
- Armscor
- Mphebatho Museum

Ons het ook bande met nasionale professionele entiteite en beheerliggame. Dit is op die vakgebiede van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, tesourie, ingenieurswese en kunsmatige intelligensie.

Daarby skakel ons met verskeie provinsiale en nasionale regeringsdepartemente, en is daar noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik, provinsiaal en nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

# MAAK 'N VERSKIL VIR ONS BURE

## Sorg vir volhoubare impak

Om ons kundigheid met ander te deel, is vervleg met ons kernbesigheid (onderrig-leer en navorsing). Dit sluit volhoubaarheid en gemeenskapsimpak in.

Party van hierdie aktiwiteite skep derdegeldstroominkomste deur kortkursusse, konsultasie of tegnologieoordrag.

Wanneer ons in en saam met gemeenskappe werk, is dit egter dikwels nie om wins te maak nie. Personeel en studente pak sulke gemeenskapsaktiwiteite aan om die gemeenskap op te hef deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskaps-diensprojekte, dissiplinegebaseerde uitreik en vrywilligerwerk.

Ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite sluit dikwels navorsing oor, met en binne gemeenskappe in. Hierdie aktiwiteite is interaktief – ons leer dus ook van ons gemeenskappe. Boonop verskaf dit ook geleenthede vir ons studente om in die gemeenskappe te werk en te leer.
In 2017 was die NWU by nagenoeg 201 gemeenskapsverwante aktiwiteite betrokke. Aan sommige van hierdie projekte het ons slegs deelgeneem, terwyl ander groepe aan die stuur was.

Ons studente het meer as 87 studentgedrewe gemeenskapsuitreikaktiwiteite onderneem. Daar was ook baie ad hoc-aktiwiteite soos waterinsamelingspogings en die Kankervereniging van Suid-Afrika se ondersteuningstaptogte wat nie as formele aktiwiteite beskou word nie.

## So raak ons betrokke

Om gemeenskappe op te hef, te ontwikkel en te betrek, inisieer ons projekte of neem ons deel aan projekte wat:

- opleiding verskaf aan voorskoolse versorgers, lede van NRO's, staatsamptenare, beginnermaatskappye (met spesifieke fokus op vroulike entrepreneurs) en wat opkomende boere bemagtig
- ons kundigheid op gemeenskapsradioprogramme deel
- gratis regsdienste en primêre dieregesondheidsdienste verskaf aan mense wat dit nie kan bekostig nie
- sportklinieke in en om ons kampusse aanbied

## Vat hande met skole

Ons bou ook vennootskappe met skole. Ons berei belowende graad 12-leerders voor vir hul matriekeksamen, bied 'n Winterskool en 'n Wetenskapweek aan, skenk MyLab-stelle en help met eksperimente vir natuurwetenskap.

Verder lei ons onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysbestuurders op, help om nuwe skoolbiblioteke tot stand te bring of help bestaande biblioteke om uit te brei, leer talentvolle jong musici om musiek te lees en instrumente te bespeel, en help onderwysers om hul sportafrigtingsvaardighede te slyp.

Ons Volhoubaarheid en Gemeenskapsimpak-span het ook verskeie studies voltooi wat die impak van gemeenskapsgebaseerde aktiwiteite vir 'n verskeidenheid van korporatiewe en burgerlikesamelewingsvennote meet.

# **HOE GROENER,** HOE BETER

As deel van ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing en ons veldtogte om mense daarvan bewus te maak, hou ons elke jaar kompetisies tussen die verskillende koshuise om energie te bespaar. Daarby is ons tans besig om die basislynverbruik van alle noodsaaklike hulpbronne te bepaal. Werkgroepe help ook met die bestuur en vermindering van water- en energieverbruik.

Ons bewusmakingsveldtog vir Wêreldwye Klimaatsveranderingsweek het aktiwiteite ingesluit soos boekuitstallings oor klimaatsverandering, uitstallings van kunswerke wat van herwonne materiaal gemaak is, en paneelbesprekings oor klimaatsverandering.



## Slaan MIV/Vigs hok

Die MIV/Vigs-pandemie het 'n groot impak op Suid-Afrika, en die bekamping van MIV/Vigs is 'n prioriteit vir die universiteit.

MIV/Vigs-dienste is op alle kampusse beskikbaar deur Studenteberading en -ontwikkeling, Werknemergesondheid en -welstand, en gesondheidsklinieke. Hulle verskaf vrywillige berading (insluitende langtermynberading) en toetsing aan personeel en studente.

Studente kan ook betrokke raak as aktiviste op hul kampusse. Die NWU se MIV-kantoor fokus op bewusmakingsveldtogte oor die voorkoming van MIV, stigmatisering en diskriminasie, reproduktiewegesondheid-opvoeding, voorkoming van moeder-na-kind-oordrag, veilige seksuele gedrag en gesonde interpersoonlike verhoudings.

# **INNOVEER** DIE TOEKOMS

## Inkomste deur innovasie

Patente en produkverkope genereer ongeveer R18 miljoen per jaar. Van die 58 RSA-gepatenteerde uitvindsels in ons Intellektuele Eiendom-portefeulje is 47 in verskeie ander lande geregistreer (in altesaam 23 verskillende lande). Dit impliseer meer as 350 individuele registrasies, plaaslik en internasionaal.

Die NWU is aangewys as die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika in Clarivate Analytics se verslag oor intellektuele eiendom en innovasie wat in 2017 tydens die konferensie van die South African Research and Innovation Management Association (SARIMA) aangebied is.

## Newemaatskappye

Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersialiseringstrategie. Ons hou ekwiteit of verdien tantième in sommige van hierdie maatskappye. Tot nou toe het die NWU 36 tegnologie-verwante newemaatskappye ontwikkel, waarvan 28 steeds aktief is.

## Draai elke sent om


Die NWU is 'n finansieel stabiele universiteit wat winsgewend is en 'n groeiende inkomste het.

**Totale inkomste in 2017: R4,1 miljard**

| | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale inkomste | R2 973m | R3 206m | R3 527m | R3 838m | R4 181m |
| Surplus (herhalende items) | R17m | R104m | R136m | R229m | R500m |
| Personeelkoste / totale koste | 51,5% | 52,6% | 54,7% | 54,8% | 56,0% |
| Inkomste: entrepreneuriese aktiwiteite en koshuise | R944m | R933m | R946m | R990m | R1 026m |
| % van inkomste vanaf regering | 39,1% | 39,5% | 38,8% | 40,1% | 41,5% |
| % van inkomste uit klasgeld | 28,4% | 31,2% | 33,2% | 32,4% | 33,9% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R69,9m | R76,2m | R63,1m | R52,9m | R72,2m |

# HARTKLOP VAN DIE **NWU: ONS FAKULTEITE**

**8** **Fakulteite**




**Hier is die getal studente in elke fakulteit in *2018:**

| Fakulteit | Studente | Fakulteitskleure |
|---|---|---|
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 11 098 | |
| Opvoedkunde | 29 618 | |
| Ingenieurswese | 1 740 | |
| Gesondheidswetenskappe | 7 083 | |
| Geesteswetenskappe | 5 972 | |
| Regte | 2 970 | |
| Natuur- en Landbouwetenskappe | 6 003 | |
| Teologie | 745 | |
| **Totaal** | **65 229** | |

* *(2018-syfers is nie finaal nie)*

# EKONOMIESE EN **BESTUURSWETENSKAPPE**

## Uitsonderlike programme

- Kortleerprogram in wildlewebestuur wat nasionale en internasionale deelnemers lok
- BSc in omgewingswetenskappe met toerisme en dierkunde/geografie/plantkunde (in samewerking met die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe)
- MCom in toegepaste risikobestuur ('n deeltydse tweejaarkursus)

## Entrepreneuriese leer

- Ons sluit modules in entrepreneurskap in by twee van ons akademiese programme wat verbind is aan die BCom-grade in bestuurswetenskappe, en in ons MBA.
- Vanaf 2018 is 'n module in probleemoplossing vir bestuurders deel van verskeie BCom Bestuurswetenskappe kwalifikasies.
- Die bHive Ondernemingsontwikkelingsentrum (OOS) het 'n kort leerprogram vir vroulike entrepreneurs, naamlik die Ondernemende Vroueprogram. Hulle koördineer ook studentgesentreerde entrepreneuriese leergeleenthede soos die Young Entrepreneur Business Organisation (YEBO), CoachLab@Vaal ('n nagraadse program), die Greenleadership-program (wat op "groen besigheid" fokus) en Enactus.

## NWU Besigheidskool

Die skool bied deeltydse kwalifikasies en akademiese programme aan – Saterdagoggende in Afrikaans in Potchefstroom, Maandagaande in Engels in Vanderbijlpark, en oor geselekteerde naweke in Engels in Mahikeng. Die MBA-kwalifikasie is deur die Vereniging van MBA's (AMBA) geakkrediteer.

## Navorsingsleerstoel

Wêreldhandelsorganisasie-navorsingsleerstoel

## NWU-navorsingsentiteite

Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES); Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Handel en Ontwikkeling (TRADE); en Globale Innoverende Gefokusde Talent-navorsingsentiteit (GIFT).

## Gemeenskapsprojekte

- Ons Sentrum vir Ekonomiese Geletterdheid het gemeenskapslede opgelei in die bestuur van hul finansies en ons bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum bied 'n kort leerprogram vir vroulike entrepreneurs aan.
- Personeel en studente bied ekstra wiskundeklasse aan vir leerders van geselekteerde hoërskole.
- Ander aktiwiteite sluit in die bevordering van die volhoubare ontwikkeling van die skubaduiktoerismebedryf in Mosambiek, 'n herwinningsprojek onder studente, wildboerderybestuur en die bemagtiging van vroue in toerisme.

# OPVOEDKUNDE

## Uitsonderlike programme

- Gevorderde sertifikate en diplomas en BEd-grade in al drie onderwysfases
- Verskeie BEdHons-grade, byvoorbeeld in rekenaartoepassingstegnologie, onderwysbestuur en -leierskap en opvoedkundige sielkunde
- Meestersgraad en PhD in onderwysreg

## Navorsingsleerstoel

OOOP SETA-navorsingsleerstoel in Vroeë Kinderonderwys

## Gemeenskapsprojekte

- Ons het leerders, onderwysers en gemeenskapsverteenwoordigers gehelp met 'n graad 7-"Citizen Science"-ondersoek (wat aan 'n internasionale projek gekoppel is) oor die effek van klimaatsverandering op die gemeenskap.
- Ons Luniko-program bevorder ouerbetrokkenheid by die opvoeding van hul laerskoolkinders.
- Studente bied opvoedkundige sielkundige dienste in gemeenskappe aan (byvoorbeeld by 'n provinsiale hospitaal) om volhoubare maniere te vind om uitdagings die hoof te bied.

## NWU-navorsingsentiteite

Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights); Selfgerigte Leer; Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER) en Edu-Lead.

# INGENIEURSWESE

## Uitsonderlike programme

- Internasionaal geakkrediteerde BEng-grade in sewe verskillende spesialisrigtings
- Nagraadse diploma in kernwetenskap en -tegnologie

## Gemeenskapsprojekte

- Ons Akademie vir Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid (SETH-akademie) by ’n hoërskool in Potchefstroom help met die opleiding van toekomstige ingenieurs deur in die middae ekstra klasse in hierdie vakke aan te bied.
- Ekovriendelike steenkool is ’n onlangs gepatenteerde projek waar ons fynsteenkool (wat as ’n afvalproduk beskou word) saam met ’n katalisator gebruik om ekovriendelike steenkool te produseer.
- Ons Modular Innobox-projek bevorder entrepreneuriese geleenthede in mikro-ekonomieë. Die eenhede is vooraf gekonfigureerde ruimtes of houers met al die nodige toerusting, sagteware, opvoedkundige inhoud, krag- en sekuriteitstelsels. Mense kan dit vir sosiale of vir besigheidsdoeleindes gebruik.

## Entrepreneuriese leer

Ons hele akademiese benadering is op entrepreneuriese denke gebaseer. (Verskeie finalejaars- en nagraadse projekte is al in suksesvolle ondernemings omskep, soos CFAM Technologies, Jonker Sailplanes en Genio Intelligent Roasters.)

Die besigheidsingenieurswese-module by Bedryfsingenieurswese is gestruktureer rondom die studente wat ’n befondsbare sakeplan opstel. Die die ingenieursbestuursmodel het ’n multidissiplinêre en interdissiplinêre benadering, met studente wat aandag gee aan verskillende aspekte, onder meer ekonomie.

## Navorsingsleerstoele

- DWT/NNS-leerstoel in Steenkoolnavorsing (SARChi)
- DWT/NNS-leerstoel in Biobrandstof en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe (SARChi)
- DWT/NNS-leerstoel in Kerningenieurswese (SARChi)
- ESKOM EPPEI Spesialiseringsentrum vir Emissiebeheer

## NWU-navorsingsentiteite

Sentrum van Uitnemendheid in Koolstofgebaseerde Brandstowwe; die Eenheid vir Energie- en Tegnologiestelsels; en Meertalige Spraaktegnologieë (MuST).

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

DWT HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde; en die DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging.

# GESONDHEIDS-WETENSKAPPE

## Navorsingsleerstoel

DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika (SARChI)

## NWU-navorsingsentiteite

Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV); Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen); Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART); Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR); Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres); Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek); Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrousorg (NuMIQ); Leefstylsiektes; Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MVSA); en Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI).

## Gemeenskapsprojekte

- LIFEPLAN® is 'n lewensvaardigheidsprogram vir volwassenes. Hierdie transdissiplinêre produk bestaan al langer as 'n dekade en die tweede weergawe het in Mei 2018 afgeskop.
- Die Social Greenhouse® is 'n nuwe maatskaplik responsiewe, gemeenskapsbetrokkenheidsbenadering tot maatskaplike ongelykhede en volhou- baarheid in die ontwikkeling van tegnologieë.

## Uitsonderlike programme

- MHSc (meestersgraad in gesondheids-wetenskappe) in transdissiplinêre gesondheidsbevordering en nog een in gerontologie
- PhD in transdissiplinêre gesondheidswetenskappe, 'n BHSc in beroepshigiëne en 'n BSc in biokinetika ('n vierjaar-professionele graad)
- MSW in forensiese praktyk en in kinderbeskerming
- MHSc in kardiovaskulêre fisiologie
- MA en PhD in positiewe sielkunde

## Entrepreneuriese leer

Ons Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) doen navorsing, onderrig-leer en gemeenskapsbetrokkenheid vanuit 'n sterk volhoubaarheids-, deelnemende en entrepreneuriese benadering.

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (PKGOP); en Mediese Navorsingsraad Buitemuurse Eenheid vir Hipertensie en Kardiovaskulêre Siekte.

## Kommersiële navorsingsentiteit

Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

# GEESTES-WETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Meestersgrade in mediese sosiologie, bevolkingstudies en volhoubare ontwikkeling
- Meestersgrade in musikologie, musiekkomposisie en musiekuitvoering
- Nagraadse diploma in bevolking en beleidsontleding, en in openbare administrasie
- BAHons in vergelykende Afrikatale en literatuur, taaltegnologie en Afrikaanse skryfkuns
- Professionele BAHons in bedryf- en organisasiesielkunde
- BA, BAHons, MA (verhandeling) en PhD (proefskrif) in taalpraktyk

## NWU-navorsingsentiteite

Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks; Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA); Bevolking en Gesondheid; Sosiale Transformasie; Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET); Inheemse Taalmedia in Afrika (ILMA); Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA); en Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing (VINCO).

## Gemeenskapsprojekte

Deur ons e-Agro Tourism CoLab-projek ontwikkel ons mense se digitale of e-geletterdheidsvaardighede. Die projek word befonds deur die nasionale Departement van Telekommunikasie en Posdienste en die Nasionale Instituut vir Elektroniese Media van Suid-Afrika.

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLar)

# REGTE

## Uitsonderlike programme

- Doktorsgraad in regte in verskeie dissiplines, soos straf- en prosesreg, handelsreg en ondernemingsreg.
- PhD in regte met ontwikkeling en die reg
- Twee LLM-strome (navorsing of gedoseerd) met 19 verskillende programspesialiserings in verskillende terreine van die reg
- MPhil in omgewingsbestuursreg en 'n professionele LLM in straf- en prosesreg

## NWU-navorsingsentiteit

Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid

## Gemeenskapsprojekte

- Ons deel ons regskennis op gemeenskapsradioprogramme.
- Ons verskaf gratis regsdienste aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie.

# NATUUR- EN LANDBOU-WETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

Ons het verskillende kwalifikasies wat op entrepreneuriese leer fokus, byvoorbeeld in die vakgebiede van aktuariële wetenskap, bedryfswiskunde en informatika, en besigheidsanalise.

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

DWT/NNS-sentrum in Inheemse Kennisstelsels (SIKS); en Sentrum vir Menslike Metabolomika.

## NWU-navorsingsentiteite

Sentrum vir Ruimtenavorsing; Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI); Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur (UESM); Chemiese Hulpbronveredeling (CHV); Menslike Metabolomika, Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM); Voedselsekuriteit en -veiligheid; en Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA).

## Uitsonderlike programme

- MSc in astrofisika en ruimtewetenskap
- MSc in gewaswetenskap
- BScHons in omgewingswetenskappe met spesialisering in afvalbestuur
- PhD in dieregesondheid
- Baccalaureus- en meestersgraad in inheemse kennisstelsels

## Navorsingsleerstoele

DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Astrofisika en Ruimtewetenskap (SARChi); en DWT/NNS SA-NAM Bilaterale Navorsingsleerstoel in Astronomie en Astrofisika (SARChi).

## Gemeenskapsprojekte

- Een van ons projekte bring kennis oor ramprisikovermindering na plaaslike regerings om dienslewering vir plaaslike gemeenskappe te verbeter.
- Ons leer 'n plaaslike gemeenskap hoe om die klimaatsveranderingbestande supervoedsel amarantgraan te verbou.
- Die Madibogo Nano-waterfiltrasieaanleg verskaf veilige drinkwater aan 'n dorpie.
- Ons twee wetenskapsentrums bevorder wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en inligtingswetenskappe wat plaaslike skole en die publiek betref.
- Ons Nguni-beesprojek bemagtig opkomende boere om kommersieel georiënteerd te raak, terwyl 'n ander projek oor die ontwikkeling van inheemse terapieë vir beesvoerbedrywe gaan.

# TEOLOGIE

## Gemeenskapsprojekte

- Ons Vaderskapsopleiding en -toerustingsprogram by die Potchefstroomse Korrektiewe Dienste fokus hoofsaaklik op pa's wat vrygelaat word op parool nadat hulle die Vaderskapprogram voltooi het.
- Die doel van die Waardes- en Karaktervormingsprogram wat in 2018 begin is, is om karakter te bou by leerders by 'n primêre skool in Potchefstroom en om hulle meer te leer oor waardes.
- Deur ons IRIS-projek (reënboog-projek) bied ons Latyn by verskeie laer- en hoërskole in Potchefstroom aan.

## Uitsonderlike programme

- Ons BA in antieke tale is een van die min programme in Afrika wat spesialisering in Grieks, Hebreeus en Aramees aanbied. Die Skool vir Antieke Tale en Teksstudies is een van slegs drie instansies wat hierdie en ander tale aanbied wat nodig is vir diep ontleding en bestudering van antieke tekste en die Bybel. Dit is ook een van die min skole wat 'n tradisionele klassieke graad aanbied.

## NWU-navorsingsentiteite

Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing; en Antieke Tekste: Teks, Konteks en Resepsie.

# KENNIS KEN **GEEN GRENSE**

## Die syfers vertel hul eie storie

Ons Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) is die tweede-grootste verskaffer van oop afstandsleerprogramme in Suid-Afrika. Die eenheid bestuur en lewer akademiese programme van ses van ons agt fakulteite aan nagenoeg 25 000 studente. Die meerderheid van studente (23 311) is van die Fakulteit Opvoedkunde. (Om te sien watter programme ons aanbied, besoek gerus ons webwerf by http://distance.nwu.ac.za/.)

Verder bied die eenheid die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) aan ongeveer 550 deelnemers in Suid-Afrika en Namibië aan. Oor vyf jaar van nou af behoort ongeveer 25% van die NWU se formele programme ook deur oop afstandsleer aangebied word.

## Hoe ons dit doen

Die oop afstandsleer-afleweringsmodus maak voorsiening vir interaktiewe witbordsessies wat landwyd en in Namibië by 86 leerondersteuningsentrums aangebied word.

Met hierdie interaktiewe tegnologie kan studente en dosente tik, teken en mekaar sien en hoor via die meer as 200 interaktiewe witborde.

Agt moderne ateljees maak nasionale en internasionale uitsendings moontlik vanaf die Eenheid vir Oop Afstandsleer-gebou op die kampus in Potchefstroom. Die kontaksessies word opgeneem en op die web gelaai sodat die studente enige tyd toegang kan kry tot die lesse vir hersiening.

Die eksamens word met die kampuseksamenroosters belyn. Die eenheid het 111 eksamensentrums regoor Suid-Afrika en Namibië en hanteer ongeveer 50 000 eksamenskrifte tydens elke eksamensessie.

## Die soet smaak van sukses

Gradeplegtighede vir OAL-graduandi vind tweejaarliks in sewe stede of dorpe in Suid-Afrika en twee in Namibië plaas. Oor die afgelope 16 jaar is meer as 80 000 NWU-kwalifikasies al aan OAL-studente toegeken. Kwalifikasies aan onderwysstudente het vanaf 1 349 in 2001 toegeneem tot bykans 6 000 in 2017.

# ONS SKEP **AFGERONDE STUDENTE**

Die NWU is ’n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeelding, hul drome visualiseer en die saadjie plant vir toekomstige sukses. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

## Studenteprofiel


Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente ’n mededingende voordeel, want hulle put krag uit hul diversiteit en verbeter hul vermoë om te kommunikeer en interaksie te hê.

**In *2018 (soos op 2 Mei) het die NWU se studenteprofiel so gelyk:**

| | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 60 975 | 63 135 | 64 070 | 69 736 | 62 558 | 65 229 |
| Kontak | 36 195 | 37 193 | 37 943 | 39 064 | 41 765 | 42 472 |
| Afstand | 24 780 | 25 942 | 26 127 | 30 672 | 20 793 | 22 757 |


**(2018-syfers is nie finaal nie)*

**Rassesamestelling**




*(2018-syfers is nie finaal nie)

**Geslagsamestelling**




**(2018-syfers is nie finaal nie)*

# Voorgraads vs nagraads

**Hoewel die meeste studente voorgraadse studente is, het die NWU ook ’n beduidende aantal nagraadse studente in *2018 gehad:**

2 682
Meestersgraadstudente
**(2018-syfers is nie finaal nie)*

1 291
Doktorsgraadstudente

## Studie-opsies

**Hier is sommige van die studiekeuses van studente in *2018:**

| Hoofstudierigting | Kontak | Afstand |
|---|---|---|
| Wetenskap, ingenieurswese, tegnologie | 12 289 | 39 |
| Besigheid en bestuur | 11 590 | 0 |
| Onderwys | 7 496 | 22 146 |
| Geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe | 11 194 | 572 |

**(2018-syfers nie finaal nie)*

## Akademiese sukses: so help ons

Ons bied verskeie programme aan om studente akademies by te staan:

- Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die bykomende akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- Aanvullende Onderrig (AO) is ’n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente.
- Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is ’n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Ons bied opknappingsprogramme in wiskunde aan vir eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Ons verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om hul studies oor ’n langer tydperk te voltooi.

# Oos, wes, tuis bes

Ons verskaf tans 10 616 beddens wat deur Inwoning en Voedseldienste bestuur word. Dit sluit in beddens wat deur die NWU besit word en ander beddens wat by private verskaffers gehuur word (en bedryf word as deel van die universiteit se formele koshuise).

Nog ongeveer 2 500 studente bly in behuising wat deur privaat verhuurders verskaf word.

Daar is 38 NWU-koshuise op die drie kampusse, plus een afkampuskoshuis in Vanderbijlpark, waar ons ook 'n bykomende vier koshuise in die dorp huur. 'n Nuwe koshuis op die kampus in Vanderbijlpark sal in Junie 2019 voltooi word.

**In die volgende 10 jaar wil ons minstens 50% van kontakstudente en 75% van eerstejaarstudente in koshuise huisves.**



# Reik 'n helpende hand

**Ons moedig ons studente aan om deur vrywilligersdiens tot die samelewing by te dra.**

Sedert 2001 is ons kampus in Potchefstroom die tuiste van die grootste geregistreerde studentewelsynsorganisasie (Studentejoolgemeenskapsdiens) ter wêreld. In 2018 het die Joolkomitee ongeveer R1,448 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk uit fondse wat die vorige jaar deur die SJGD en JOOL ingesamel is.

Die kampusse hou fondsinsamelingsgeleenthede soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daagliks twee gebalanseerde maaltye ontvang. Studente doen ook vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en die Dierebeskermingsvereniging.

Studente bied ook ekstra wiskundeklasse by skole aan om onderwysers te help.



# GEE VERBEELDING EN **VOETE VLERKE**

Die NWU bied aan studente talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

## Kultuur in die kollig

Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings, kompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

## Op julle merke, gereed . . .

Die universiteit kan op grond van sy sportprestasies daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is. Die NWU spog met die volgende:

**Rugby-instituut** | **Sokker-instituut** | **Hokkie-akademie** | **Kanoklub**

### Ons bied sewe groot sportkodes aan:

**Atletiek** | **Krieket** | **Hokkie** | **Netbal** | **Rugby** | **Sokker** | **Tennis**

### . . . en talle kleiner sportkodes en -aktiwiteite:

**Fietsry / karate / sagtebal / muurbal / rotsklim / tafeltennis / mededingende skaak / liggaamsbou / boks / netbal / dans / sewesrugby / aërobiese oefeninge / jujitsu / watersport (roei en kanovaart) / marathon / basketbal / "tent pegging"**

# Ons is die kampioene

NWU-sportspanne en individue het baie goed presteer in die Universiteitsport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsitybeker.

**Hier is sommige van die USSA-hoogtepunte:**



**Karate**

**Algehele wenners vir die 19de agtereenvolgende jaar**



**Gimnastiek**

**Algehele wenners vir die tweede agtereenvolgende jaar**

**1**
**Bergfietsry**
**Latynse danse (Goud)**
**Skaak (vroue)**

**2**
**Pluimbal**
**Vrouebasketbal**
**Liggaamsbou**

**3**
**Tennis**

# Op die wêreldkaart

’n Aantal studente en afrigters van die NWU druk hul stempel af op die gebied van internasionale studentesport, byvoorbeeld ons netbal- en tennisspelers.

Vier netbalspelers is vir die Suid-Afrikaanse netbalgroep gekies wat in September 2018 aan die Internasionale Universiteitesportfederasie (“FISU”) se Wêrelduniversiteite-netbalkampioenskap deelgeneem het. In 2019 sal vyf tennisspelers deel wees van die groep wat aan FISU se Universiade-byeenkoms in Italië gaan deelneem.

Afrigters wat die NWU op die wêreldkaart plaas, sluit die hoofafrigter in van ons netbalspan – sy is as spanbestuurder aangewys van die Suid-Afrikaanse netbalspan wat aan die Wêreldspele deelneem. Daarby sal die hoofafrigter van ons tennisspan een van die afrigters by FISU se Universiade-byeenkoms in Italië wees.

Sewe van ons atlete het aan die 2018-Atletiekbeker in Londen deelgeneem en vyf het aan die denksport- en karate-kampioenskap deelgeneem, onderskeidelik in Malawi en Botswana.

Twee studente het by die spele van die Confederation of University and Colleges Sports Associations (CUCSA) in Botswana basketbal gespeel.

’n Muurbalspeler sal die NWU in die Suid-Afrikaanse studentespan verteenwoordig tydens FISU se muurbalkampioenskap in die VK.

## Top-oefenbestemming

Elite-sportmanne en -vroue maak gebruik van die eersteklas-fasiliteite by die NWU-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI). Dit het een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied ’n volledige reeks sportafrigting-, geneeskundige-, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste.

Die Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.

’n Moderne “sportdorp” op die NWU se kampus in Potchefstroom bied akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.

# NAVRAE: WIE OM TE KONTAK

**Theo Cloete**

Direkteur: Bemarking en Studentewerwing
Tel: +27 18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

**Louis Jacobs**

Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

**Warren Makgowe**

Direkteur: Belanghebberverhoudinge
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

## Die span

**Samestelling**

Korporatiewe Kommunikasie, NWU

**Ontwerp, uitleg en drukwerk**

Colourtech Design & Printing

**Fotografie**

NWU-diensverskaffers en kollegas